basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRFA.1**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

# OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

WESTERN CAPE

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## ONDERHOUD

Lees die onderhoud hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS A

### VROU MET ’N OMGEEHART

deur Dawid Yzelle

*TEMSIE TIMES (7de Laan se Maria) het geleer dat dit die moeite werd is om aan te hou glo.*



1 **Jy het in Port Elizabeth grootgeword. Jy is die jongste van sewe kinders. Vertel ons van jou kinderjare.**
Ons was ŉ baie hegte gesin. Ons sewe kinders het min baklei. Daar was ook geen witbroodjies nie. Ons het liefde in oorvloed gekry! My ma, Grace, is die een wat vir ons van geloof in God geleer het. Sy was vir ons kinders ŉ wonderlike voorbeeld. Al het sy ŉ hartprobleem gehad, het sy nooit toegelaat dat dit haar onderkry nie. Sy was tot op ŉ hoë ouderdom altyd baie besig.

2 **Mense noem jou Temsie, maar jou volle naam, Thembisa, beteken “belofte aan God” in isiXhosa. Sê hierdie naam iets van jou persoonlikheid?**
Ja, dit beskryf my goed. Ek maak nooit leë beloftes nie. As ek iets belowe, doen ek dit. Wanneer ek sien dat mense swaarkry, help ek graag. Ek gee dan altyd wat ek ook al mag hê.

3 **Vertel van jou eerste rol as aktrise.**
Dit was van kleinsaf my droom om ŉ aktrise te word. My heel eerste rol as aktrise was in ŉ verhoogstuk, *Senzekile*, in ŉ gemeenskapsaal in Port Elizabeth. Dit was lank gelede. Daarna het ek nooit weer teruggekyk nie en soveel deure het vir my oopgegaan.

4 **Jy is nou al amper 14 jaar by *7de Laan*. Dis ŉ mylpaal!**
Ja, ek kan nie glo dit is al so lank nie. Ek het wonderlike vriende gemaak. Ek het veral ŉ goeie verhouding met Mimi Mahlasela (Aggie). Sy het ŉ wonderlike humorsin en sy laat my altyd lag. Vir Salamina Mosese het ek baie respek. Sy is baie reguit; as sy nie van iets hou nie, sê sy so.

5 **Jou karakter, Maria, is ŉ moederlike figuur. Sien jy jouself ook so?**
Ja, ek sien myself as ŉ moederfiguur. Wanneer daar seer is in een van my mede-akteurs se lewe, help ek waar ek kan. My raad is altyd: Wanneer dit met jou sleg gaan, is dit normaal om te twyfel, maar jy moet net glo dat alles weer sal regkom.

6 **Jy ken ook die pyn van ’n moeder wat ’n kind verloor het. Hoe het jy dié tragedie verwerk?**
Bruce is in 2010 oorlede. Hy was 38 jaar oud. Hy het snags op ’n boot uitgegaan om vis te vang. Hy het longontsteking gekry en is later in die Chris Baragwanath Hospitaal oorlede. Terwyl hy in die hospitaal was, moes ek op die stel werk. Op die dag van sy dood het die vervaardigers van *7de Laan* laat weet ek hoef nie in te kom nie, want Annalisa Weiland (Hilda) was siek. Ons kon dus nie daardie dag sekere tonele skiet nie. Ongelooflik! Ek kon daardie dag my seun groet. Net daarna moes ek in Kaapstad gaan optree. Op pad Kaapstad toe het ek myself moed ingepraat sodat ek nie voor die mense in trane moes uitbars nie. Ek het net bly glo dat die son weer sal skyn.

7 **Jy sê jy het die hart van ’n vredemaker?**
Ek hou niks van konflik nie en ek verkies dat mense, sover moontlik, in vrede leef.

8 **Hoe maak jy seker jy neem nie saans die emosies van jou karakter saam huis toe nie?**
Dis nie maklik om jou sepiekarakter en wie jy regtig is, te skei nie – veral nie as jy al 13 jaar lank dieselfde karakter vertolk nie. Toe Bart (Neil Sandilands) siek geword het, moes ek gedurig vir myself sê dis net deel van die storie. En toe Neville (Zane Meas) oorlede is, het ek gehuil! In my motor op pad huis toe moes ek weer vir myself sê dat dit tog net ’n storie is.

9 **Wat doen jy saans ná ’n lang dag op die stel?**
Ek wil dan net ontspan en my woorde vir die volgende dag leer. Saans bid ek vir ons land, vir jongmense se stryd teen dwelms en dat daar ’n einde sal kom aan misdaad, geweld en verkragting.

10 **Ons hoor jy is ook deel van ’n buurtwag?**
Ja, ons ondersteun slagoffers van misdaad en geweld so goed as wat ons kan. Hulle het ook al by my huis ingebreek. Dié soort ding laat my rooi sien. Dit voel soms vir my asof misdadigers te gou en te maklik vrygelaat word.

11 **Is daar iets waarmee jy jou graag besig hou waarvan ons nie weet nie?**
Ek is mal oor uitverkopings en doen graag inkopies; ek hou veral daarvan om skoene te koop!

[Verwerk uit *Lééf met hart & siel*, Mei 2013]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.


WESTERN CAPE

1.1 Thembisa het ŉ "omgeehart" (titel).

Skryf EEN volsin uit paragraaf 2 neer wat verduidelik wat ŉ "omgeehart" is. (1)

1.2 Verwys na paragraaf 1.

1.2.1 Word die woord "witbroodjies" hier LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel? (1)

1.2.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 1.2.1. (Jy moet aandui wat Thembisa bedoel.) (1)

1.3 Thembisa se ma was ŉ hartlyer.

1.3.1 Hoe het Thembisa se ma haar lewe as hartlyer elke dag geleef? (1)

1.3.2 Hoe weet jy dat Thembisa se ma lank geleef het? Skryf TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit paragraaf 1 neer. (1)

1.4 Thembisa se naam is baie betekenisvol.

1.4.1 Uit watter taal kom Thembisa se naam? (1)

1.4.2 Hoe leef Thembisa haar naam se betekenis uit? Verwys na die betekenis van haar naam EN haar lewe. (2)

1.5 Waaruit kan ons aflei dat Thembisa se eerste verhoogstuk, *Senzekile*, ŉ belangrike rol in haar loopbaan gespeel het? (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.6) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.6 E.

Die uitdrukking "en soveel deure het vir my oopgegaan" (paragraaf 3) beteken sy ...

A kon meer tyd aan haar stokperdjies bestee.
B het nog ander rolle gekry om te vertolk.
C kon meer tyd vir haar sosiale lewe hê.
D het meer van toneelspel geleer. (1)

1.7 Sê in jou eie woorde watter TWEE aanduidings daar is dat *7de Laan* vir Thembisa 'n positiewe ervaring is. (2)

1.8 Watter eienskappe bewonder Thembisa in die volgende karakters?

1.8.1 Mimi Mahlasela (1)

1.8.2 Salamina Mosese (1)

1.9 Annalisa Weiland se siekte het veroorsaak dat sekere tonele op 'n sekere dag nie geskiet kon word nie.

Hoe het Annalisa Weiland se siekte Thembisa daardie dag indirek gehelp? (1)


WESTERN CAPE

1.10 Thembisa het haar raad aan mense prakties uitgeleef. (Paragraaf 5)

1.10.1 Noem Thembisa se raad aan mense. (1)

1.10.2 Dink jy dit is maklik om hierdie raad in ŉ krisissituasie te volg? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.11 Sê in jou eie woorde hoe Thembisa haar emosies as karakter in die TV-reeks skei van wie sy by die huis is. (Paragraaf 8) (1)

1.12 Watter OOREENKOMS is daar tussen om 'n aktrise te wees en om ŉ student te wees? (Paragraaf 9) (1)

1.13 Noem EEN probleem van ons land waarvoor Thembisa saans bid? (1)

1.14 Thembisa is lid van ŉ buurtwag. (Paragraaf 10)

Hoekom laat Thembisa se rol in die buurtwag ŉ mens positief voel? (1)

1.15 "Dié soort ding laat my rooi sien." (Paragraaf 10)

Wat bedoel Thembisa met die woorde "… laat my rooi sien"? (1)

1.16 "Ek is mal oor uitverkopings en doen graag inkopies; ek hou veral daarvan om skoene te koop!" (Paragraaf 11)


Waarom, dink jy, is dit belangrik dat persoonlike inligting oor Thembisa in die onderhoud genoem word? (1)

1.17 Noem EEN lewensles wat jy as leser by Thembisa geleer het? (1)

## SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS B




[Uit: *Die Burger*, 8 April 2016]

1.18 Die seuntjie in die sandput dink sy pa is ryker as die pa van die dogtertjie op die swaai.

Wat, dink hy, maak hulle ryker? (1)

1.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.19) en die antwoord neer.

Die spotprent lewer kommentaar op Suid-Afrikaners wat al hoe (ongesonder leef/minder geld het). (1)

1.20 Daar is ŉ kontras tussen **wat die kinders doen** en **waaroor hulle praat**.

Kies die KORREKTE woorde uit die lys hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.20.1–1.20.2) en die antwoord neer.

| |
|---|
| hartseer; humoristies; kinderlike; volwasse |

Die kinders hou hulle besig met 1.20.1 ... aktiwiteite terwyl hulle oor 1.20.2 ... sake praat. (2)

1.21 Hoe kan jy uit die meisie se gesigsuitdrukking aflei dat sy gelukkig is? (1)

1.22 Waaruit kan jy aflei dat die seun vinnig op sy driewielfiets ry? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

## VRAAG 2

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE hoofgedagtes **waarom tegnologie goed vir tieners is**, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die hoofgedagtes puntsgewys neer.
3. Nommer die hoofgedagtes van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**REDES WAAROM TEGNOLOGIE GOED VIR TIENERS IS**

Ouers en onderwysers is dikwels bekommerd oor die negatiewe invloed van tegnologie op tieners, maar tegnologie kan ook goed wees. Die internet bevat baie webwerwe en nie alle webwerwe is sleg nie. Daar is dikwels nuttige inligting wat tieners kan gebruik vir tuiswerktake. Die tyd toe leerders biblioteek toe moes gaan vir inligting, is mos lankal verby. Sosiale netwerke help tieners om maklik, vinnig en goedkoop met mekaar kontak te maak. Baie mense kritiseer tieners dat hulle nie meer lees nie. Die idee dat tieners net boeke moet lees, is outyds. As tieners blogs en aanlyn besprekings lees, help dit met hulle lees- en skryfvaardighede. Op Netwerk24 kan hulle byvoorbeeld al die koerante kry. Omdat dit so gerieflik is om inligting vinnig op die internet te kry, help tegnologie om tieners se algemene kennis te verbeter. Dit is waar dat tieners makliker iets sal lees waaroor hulle nuuskierig is. Tieners verbreed so hulle kennis sonder dat hulle dit agterkom. In musiek, flieks en sosiale media is daar mense en idees van ander kulture dwarsoor die wêreld. In Suid-Afrika is dit juis so nodig dat die verskillende groepe mekaar se kulture sal leer ken. Hier help tegnologie dus om tieners se leefwêreld groter te maak. Met die moderne tegnologie kan leerders hul kreatiwiteit ontwikkel deur hul eie video's en selfs films te maak. Navorsers het bevind dat tieners wat gereeld videospeletjies speel, se reaksietye vinniger word. Ouers kan dus maar ontspan, want tegnologie het beslis positiewe aspekte!

[Verwerk uit www.forbes.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**

**SLAAN 'N SES MET**

***BEELD, RAPPORT*** **EN DIE PROTEAS**


**Teken in op *BEELD* en *Rapport* teen R286 per maand en word GRATIS lid van die Love Cricket-ondersteunersklub**

**Hierdie klub is eksklusief vir mans!**
**(3.5) Jy kry ook die volgende voordele**

- ’n Geskenkpak met promosie-items van die Proteas ter waarde van R500.
- Eksklusiewe uitnodigings na geleenthede waar jy die Proteas en Protea-bestuur kan ontmoet.
- Afslag as jy ’n motor by Budget huur.
- Jy kry (3.6 spesiaal) behandeling.
- 20%-afslag op (3.7 wedstrydkaarkies).

En nog meer ...

**Dit is meer as R500 se waarde wat jy elke maand ontvang.**



**Teken in op een van hierdie maniere:**

Skakel 0861 772 285,SMS KRIEKET gevolg deur jou naam en van na 31069 of e-pos: INTEKENARE.NOORD@MEDIA24.COM
SMS kos R1,50

LOVE cricket

Beeld Rapport

Die aanbod geld net as jy op *Beeld* én *Rapport* inteken. Gratis lidmaatskap tot die Love Cricket-ondersteunersklub as jy op albei die koerante inteken.

[Verwerk uit www.grafika24.com]

3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.1) en die antwoord neer.

In krieket, as jy die bal ver slaan, is ses lopies die hoogste telling wat jy kan kry.

“Slaan ’n ses” se KONNOTATIEWE betekenis is dat (dit ’n baie goeie aanbod in die advertensie is/enigiemand krieket kan leer speel). (1)

3.2 Op watter TWEE maniere trek die advertensie die leser se aandag? (2)

3.3 Watter woorde in die advertensie is ŉ voorbeeld van stereotipering? Motiveer jou antwoord. (2)

3.4 Noem EEN manier hoe die leser gemanipuleer word om op die koerante in te teken. (1)

3.5 Skryf die volgende oor en vul die KORREKTE leesteken in. Voltooi die antwoord net tot by die leesteken wat jy invul.

Jy kry ook die volgende voordele
- ŉ Geskenkpak met promosie-items van die Proteas ter waarde van R500.
- Eksklusiewe uitnodigings na geleenthede waar jy die Proteas en Protea-bestuur kan ontmoet. (1)

3.6 Gee die KORREKTE vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies.

Jy kry (spesiaal) behandeling. (1)

3.7 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin:

20%-afslag op wedstrydkaarkies (1)

3.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.8) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.8 E.

Die funksie van die krieketbal as deel van die *Love Cricket*-naam is om ...

A lesers te manipuleer om meer van krieket te hou.
B te wys alle *Beeld- en Rapport*-lesers hou van krieket.
C te beklemtoon dat dit ŉ krieket-ondersteunersklub is.
D die embleem van ŉ provinsiale krieketspan aan te dui. (1)

**[10]**



WESTERN CAPE

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS E

RAAMPIE 1 RAAMPIE 2 RAAMPIE 3




[Bron: www.comics.com]

4.1 Hoe kan 'n mens sien dat die twee hadidas baie hard skree? Gee TWEE aanduidings. (RAAMPIE 1) (2)

4.2 Hoe weet jy dat die vuvuzela in RAAMPIE 2 'n groter geraas maak as die hadidas in RAAMPIE 1? Gee TWEE aanduidings. (2)

4.3 Hoe kan jy aan die hadidas se liggaamshouding (RAAMPIE 2) sien hulle het groot geskrik? Gee EEN aanduiding. (1)

4.4 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (4.4) en die antwoord neer.

Dink jy dis 'n (ou) spesie? (1)

4.5 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Die hadida vra sy vriend: "Wat maak so 'n groot geraas?"
Begin so: Die hadida vra sy vriend ... (1)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (4.6) en die antwoord neer.

Wanneer die vrou in RAAMPIE 3 wegstap, lyk sy (ontsteld/tevrede). (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.7) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 4.7 E.

Die ... in RAAMPIE 3 wys dat die vuvuzela in die vrou se hand beweeg as sy wegstap.

A geraas
B hadidas
C strepies
D stertvere (1)

4.8 Wat, dink jy, is die doel van hierdie strokiesprent? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS F**

**'n (**5.1 **GESOND) LEWENSTYL IS BROODNODIG**

Dit is elke dag se storie. (5.2 Soggens is daar altyd genoeg tyd.) Basiese dinge soos (5.3 ete in die oggend) word dus maklik vergeet. Jy sal reg wees vir die dag as jy net vyf minute gebruik om iets te eet wat (5.4 voedsaam) as gewoonlik is.

Nadat jy jou spiere met 'n paar oefeninge (5.5 losmaak) het, moet jy sorg dat jou liggaam die eerste brandstof van die dag inneem. (5.6) Die korrekte kos sal jou 'n lis vir die dag gee.

As jy jou eerste maaltyd versigtig kies en dit rustig geniet, sal jy die dag goed begin. Moenie jou bekommer as jy nie (5.7 aan dit) gewoond is om baie te eet nie. Jy kan met die regte kos en drankies genoeg (5.8 voedingstof) inneem vir die moeilike dag wat voorlê. Dit kan boonop lekker smaak! (5.9) Jy moet vandag nog daarmee begin.

(5.10 Inwoners van Suid-Afrika) kry maklik verkoue. Daar is 'n oplossing. Jy kan verkoues weghou met aanvullers of homeopatiese middels. (5.11) 'n Mens kan gewone stoom gebruik. Jy kan dadelik beter voel.

Dalk voel jy sleg as gevolg van 'n omgekrapte maag nadat jy die vorige aand te veel ryk kos geëet het. (5.12) Gebruik kruie vir die naarheid.

(5.13) En as 'n hele dag se werk wag is daar ook hulp. Begin elke dag reg. Besluit wat belangrik is en doen dit. Moenie net met gevoude (5.14 ...) sit nie!

[Verwerk uit *Gesond Binne Vyf Minute*, 1999]

5.1 Gee die KORREKTE vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.1) en die antwoord neer.

'n (Gesond) lewenstyl is broodnodig! (1)

5.2 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM deur die onderstreepte woord te verander.

Soggens is daar <u>altyd</u> genoeg tyd.
Begin só: Soggens is ... (1)

5.3 Gee EEN WOORD vir die omskrywing tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.3) en die antwoord neer.

Basiese dinge soos (ete in die oggend) word dus maklik vergeet. (1)

5.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.4) en die antwoord neer.

Jy sal reg wees vir die dag as jy net vyf minute gebruik om iets te eet wat (voedsaam) as gewoonlik is. (1)

5.5 Gee die KORREKTE VORM VAN DIE WOORD tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.5) en die antwoord neer.

Nadat jy jou spiere met ŉ paar oefeninge (losmaak) het, moet jy sorg dat jou liggaam die eerste brandstof van die dag inneem. (1)

5.6 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin.

Die korrekte kos sal jou ŉ lis vir die dag gee. (1)

5.7 Gee die KORREKTE BETREKLIKE VOORNAAMWOORD van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.7) en die antwoord neer.

Moenie jou bekommer as jy nie (aan dit) gewoond is om baie te eet nie. (1)

5.8 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.8) en die antwoord neer.

Jy kan met die regte kos en drankies genoeg (voedingstof) inneem vir die moeilike dag wat voorlê. (1)

5.9 Verander die STELSIN na ŉ BEVELSIN. Skryf die sin as antwoord neer.

Jy moet vandag nog daarmee begin. (1)

5.10 Gee die PERSOONSNAAM vir die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.10) en die antwoord neer.

(Inwoners van Suid-Afrika) kry maklik verkoue. (1)

5.11 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies. Skryf die sin as antwoord neer.

ŉ Mens kan gewone stoom gebruik. Jy kan dadelik beter voel. (sodat) (1)

5.12 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Gebruik kruie vir die naarheid.
Begin só: Jy behoort ... (1)

5.13 Voeg die KOMMA op die korrekte plek in die sin in. Skryf die hele sin as antwoord neer.

En as ŉ hele dag se werk wag is daar ook hulp. (1)



WESTERN CAPE

5.14 Kies die KORREKTE woord om die IDIOOM in die konteks van die teks te voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.14) en die antwoord neer, byvoorbeeld 5.14 E.

Moenie net met gevoude (5.14 ...) sit nie!

A arms
B bene
C hande
D vingers (1)

**TEKS G**




5.15 Bestudeer die prent hierbo aandagtig en beantwoord die vrae. Skryf net die vraagnommer (5.15.1–5.15.6) en die antwoord neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.15.1 | (...!) Dit is vakansie. | 5.15.1 | Voltooi die sin met die KORREKTE TUSSENWERPSEL om jou blydskap uit te druk. | (1) |
| | | | | |
| 5.15.2 | Uiteindelik gaan ek deur Europa (rys/reis). | 5.15.2 | Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. | (1) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.15.3 | Vir die sneeu gaan ek ŉ (scarf) inpak om my nek warm te hou. | 5.15.3 | Gee die KORREKTE AFRIKAANSE WOORD. | (1) |
| | | | | |
| 5.15.4 | In Italië sal die sonlig skerp wees, dus pak ek my (...) in. | 5.15.4 | Voltooi die sin met die KORREKTE SELFSTANDIGE NAAMWOORD. | (1) |
| | | | | |
| 5.15.5 | Om my geskenkies veilig te hou, moet ek ŉ (...) aan my tas hê. | 5.15.4 | Voltooi die sin met die KORREKTE SELFSTANDIGE NAAMWOORD. | (1) |
| | | | | |
| 5.15.6 | Die belangrikste is my selfoon se (...) Daarsonder sal my selfoon se battery pap bly. | 5.15.6 | Voltooi die sin met die KORREKTE SELFSTANDIGE NAAMWOORD. | (1) |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**


WESTERN CAPE